# Verkleining

## As 'n woord eindig met -g val die -g weg en woord kry 'n -kie.

Krokodil is altyd baie honger en as Gansie langs hom kom staan...vreet hy haar sommer op!




## koning - koninkie

| Verkleining met -kie | | | |
|---|---|---|---|
| toring | torinkie | doring | dorinkie |
| varing | varinkie | ketting | kettinkie |
| koning | koninkie | garing | garinkie |

Gebruik 2x woorde in jou eie sinne.

Eie antwoord.

Korrekte spelling en gebruik van leestekens is belangrik.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)

# Voegwoorde

Voegwoorde se naam sê wat hulle doen - hulle voeg sinne saam (of verbind sinne). Soms verander die woordorde van 'n sin na 'n voegwoord. Onthou om 'n komma voor die woorde 'want' en 'maar' te gebruik.

Gebruik voegwoorde in hakies om saamgestelde sinne te skryf.

1. Mamma koop melk. Mamma koop vars brood. (en)

Mamma koop melk en 'n vars brood.

2. Die rokke is afgemerk. Dit is op 'n uitverkoping. (want)

Die rokke is afgemerk, want dit is op 'n uitverkoping.

3. Ek hou van kaas. Ek hou nie van jogurt nie. (maar)

Ek hou van kaas, maar ek hou nie van jogurt nie.

4. Vrugte en groente is gesond. Ons moet elke dag daarvan eet. (daarom)

Vrugte en groente is gesond daarom moet ons elke dag daarvan eet.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)